**<u>Littekenweefsel</u>**

*deur Marli Viljoen*

“Kan ons musiek luister?” Haar vraag verdamp in die son. Die heuningstem is duidelik iets van die verlede. Ek ruk die versameling vol CD’s uit. Enige iets om die ongemak te versmoor.

Faye vat haar tyd, asof ander kunstenaars se musiek vir haar iets uit die buitewêreld uit is. Ek hoop sy is teleurgesteld om te sien ek luister net na haar mededingers.

Na groot innerlike konflik druk sy *The Bends* van *Radiohead* by die speler in. Skielik dreun Thom Yorke se stem deur die kar, maar kneukels gaan enige oomblik by my vel uitbreek

Haar arm hang by die venster uit en ervaar die snelwegwind.  Haar blond sit soos vuil wasgoed op haar kop, haar vel bleek en vol rowe. Vir jare het ek haar net op koerantvoorblaaie en insetsels op MTV gesien, maar daar sit ‘n halwe vrou langs my. Sy het net met my oor die radio gepraat.

*Vertel my weer ek het my kop verloor*
*Of is jy besig om met my gedagtes te skoor*
*Sê my meer oor jou liefdesbeginsels*
*Want al wat ek van jou kry*
*Is ‘n arm vol littekenweefsels*

Hier sit die sprankelende popstêr waarvan niemand genoeg kan kry nie. Nie eers sy self nie. Ek glo sy smag nog altyd daarna om die wêreld se sonsoenkind te wees.

Almal *wou* altyd om Faye wees. Selfs Mamma het haar drome deur Faye geleef, terwyl my soos ’n seisoen gekom en gegaan het. Ek kon nooit weet of hy lief was vir Mamma of net vir haar skoonheid nie.

Woorde vorm op my tong, maar hulle vind nie klank nie. Daar was ‘n tyd wat ons soos een persoon deur die lewe marseer het. Sy het met musiek begin

eksperimenteer terwyl ek op haar kamervloer lê en die volgende deel van my verhaal beplan. Gesamentlik apart kuns uit stof maak.

My hande klou met alle mag aan die stuurwiel vas. Waar is daardie dae heen? Die dae toe ek die maanlig vir Faye se sonskyn was? Voor ek my oë kon uitvee, was sy op ‘n verhoog en ek net haar skaduwee.

Hoekom het ek besluit om hierdie te doen? Is ek die enigste persoon bereid om chauffeur te speel sodat my vervreemde tweelingsussie hulp kan kry? Faye stort in een en wie moet ‘n plan te maak? En Andy? ‘n Troubelofte beteken duidelik niks as jy liewers saam met die Gallagher-broers kan toer nie. *Wonderwall* se gat.

Maar Eden is mos hier altyd as jy haar nodig het.

Bitter trane brand my oë. Ek het hoeveel keer probeer om die skitterende hel genaamd *Beverly Hills* te ontsnap, maar elke keer vind ek weer die verdwaalde paadjie terug. Dis nie net wit lyntjies wat jou siel verteer nie.

Faye kyk vir die eerste keer na my. Haar spieëlbeeld-irisse vang myne vas. Ek laat haar toe om vir ‘n oogwink te sien hoe sy gesond kan lyk.

“Ek is jammer.” haar woorde glip skaars uit. As jy vir jare wag om ‘n enkele sin te hoor, het dit nie meer trefkrag nie.

“Ek weet.”

Met dit gesê, draai Faye die musiek harder en haar hare wapper in die wind. Asof my antwoord haar tevrede stel en ons kan aangaan met ons lewens, al is ons harte nog steeds vol littetekens.